# 356 O Liefde, kom daal neer







Niks mag die vuur ooit blus, voor elke aardse lus, tot stof en as in daardie vuur verteer is;
my skrede sal U rig, O goddelike Lig, wat steeds op my en op my weg gekeer is.

Laat reine liefde nou, ons soos ‘n kleed omvou; maak needrigheid die sieraad van ons lewe;
ootmoedigheid van gees laat ons die minste wees, bewus dat ons tekort skiet in ons strewe.

Geen taal beskryf die drang, waarrmee die siel verlang na heiligheid in woorde en in dade;
voor Hy in ons kom woon, die Heilige Persoon, ken ons nog nie Gods liefde en genade.

Bianco da Siena (+1434) Ralph V. Williams (1872-1949)